

7 November

2 Timoteus 3:1-9; (Teks: 3:5)

Godsdiens: uiterlike skyn of lewensveranderende krag?

Is u godsdiens blote skyn? Lyk u lewe van elke dag maar net van buite af godsdienstig? Of is u godsdiens 'n lewensveranderende krag - die dinamo van u hele lewe? Paulus waarsku ons in ons teksvers teen die verskriklike gevaar van skyngodsdiens (of vormgodsdiens).

Mense wat die uiterlike skyn van godsdiens het, lyk op die oog af godsdienstig, maar is dit nie. Hulle word in dieselfde asem as die selfsugtiges, geldgieriges, kwaadpraters en bandeloses genoem (verse 2-4). Sulke mense gaan miskien nog kerk toe en hulle name staan in die lidmateregister geskryf, maar is nie deel van die ware gemeenskap van die heiliges nie. Hulle is die "onkruid tussen die koring" (Matt 13:24-30).

Die Bybel leer ons egter dat die Evangelie 'n krag van God is tot redding van elkeen wat glo (Rom. 1:16). Geloof is dus die bepalende faktor. Vertrou God voluit vir jou saligheid. Geloof is eers egte geloof as dit deur daade volkome geword het (Jak 2:22), as dit deur die liefde tot daade oorgaan (Gal 5:6). Godsdiens is nie 'n baadjie wat jy Sondae aantrek en vir die res van die week in die kas laat hang nie. Dit is die manier waarop jy elke oomblik lewe uit die geloof in innige verbondenheid met God.

Sing: Psalm 40:3, 4

Ds. C.G. van der Merwe (Vereeniging '95)